**Maandag 27 Augustus**

| Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:14-16 | Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:16 |
|---|---|

# Hou vas aan die waarheid van God se Woord

Volgens die wêreld is die Bybel ’n ou boek wat die gedagtes van primitiewe mense weergee. Deesdae gaan sommige mense selfs sover om die Bybel as ’n bose boek af te maak. Die gelowige weet egter dat die Bybel ’n betroubare boek is omdat God self in die Bybel aan die woord is. Hy het mense soos Paulus wat hier in ons teks aan die woord is, binne hulle eie agtergrond, geaardheid en vermoëns gebruik om sy Goddelike Woord vir ons te bring. Die Skrif het daarom tegelykertyd ’n Goddelike en menslike karakter. Hierin sien ons die wonder van God dat Hy mense gebruik het om sy Woord vir ons te laat op-teken.

Omdat die Bybel God se Woord is, is dit so belangrik dat jy tyd moet maak om besig te wees met persoonlike Bybelstudie sodat jy eerstehands kan hoor wat God vir jou sê. Die Bybel leer jou Wie God werklik is en hoe sy karakter lyk. Verder leer die Bybel jou ook hoe om prakties as ’n dissipel (navolger) van Jesus Christus te leef.

Die groot waarheid wat die Skrif jou leer, is die kennis van Jesus Christus wat tot ver-lossing lei deur jou geloof in Hom. Staan vas in die waarheid van die Bybel en moenie deur leerstellings wat in stryd met die Skrif is, mislei word nie. Gebruik die Woord om vas te stel wat verkeerd is in jou lewe, en ook om te leer wat die regte lewenswyse is wat God wil hê.

Preek en leef wat die Bybel jou leer.

*Sing: Psalm 119-2:7, 18, 19*

*Ds. JG (George) van der Walt (Empangeni)*